ATKV-betrekkings

ATKV-Goudini Spa

Rekenmeester

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse taal- en kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde rekenmeester by sy vakansieoord, ATKV-Goudini Spa.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n BCom-graad met rekeningkunde as hoofvak.
- Ten minste 2 jaar ondervinding as rekenmeester in krediteure, aankope, maandsluitings en rekonsiliasies. Ervaring in te boekstelling van betalings, prosessering van grootboektransaksies en rekonsiliëring van hulpboeke, bankstate, kredietkaarte en intergroeptransaksies.
- Vertroud wees met kontanthantering, banke en kontant-en bankrekonsiliasies.
- Kennis en ondervinding van die opstel van salarisse en sekere oorbetalings.
- Kennis en ondervinding van Pastel Partner en Pastel Evolution sal tot voordeel van die kandidaat wees.
- Moet rekenaarvaardig wees in die Microsoft-produktereeks.
- Moet akkuraat, georden, detail georiënteerd en onder druk kan funksioneer en nie aan kantoorure gebonde wees nie.
- Moet goed in spanverband kan werk.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Prosessering van grootboektransaksies en rekonsiliëring van hulpboeke, bankstate, kredietkaarte en intergroeptransaksies.
- Krediteure, aankope, maandsluitings en rekonsiliasies.
- Instandhouding van interne beheerprosedures.
- Finansiële datasuiwering en administrasie.
- Verskaf bestuursondersteuning en proaktiewe afwykingsverklarings.
- Hulp met Begrotingsamestelling, finansiële bestuursverslae en projeksies.
- Verseker dat die Finansiële beleid van die ATKV en prosedures nagekom word.
- Administratiewe take van die finansiële afdeling.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Madelyn Brundyn
Adres: Posbus 47, Rawsonville, 6845.
Faks: 086 6799 606
E-pos: madelynb@atkv.org.za

Aansoeke moet die ATKV voor **18 Januarie 2019** bereik. Gebruik asseblief as verwysing: **GDREK01**